# MIKROFOKUS

3 Desember 2024 | 41/2024


1. UIT DIE KANTOOR
2. KOS@MIKRO
3. SKRYFBEHOEFTES
4. OORPLASINGSVEREISTES
5. BUITEMUURS
6. 2025 DATUMS
7. FINANSIËLE KANTOOR
8. MUSIEKPRET-AAND
9. WEEK 10-GEBEURE
10. KALENDER
11. ADVERTENSIES
12. BORGE




# 1 UIT DIE KANTOOR

Hierdie is die laaste Mikrofokus van 2024. Ons bedank almal wat gehelp het om van hierdie jaar 'n suksesvolle skooljaar te maak. Ek het weereens hierdie jaar besef hoe belangrik die vennootskap tussen die skool en die huis is. 'n Skool se sukses hang in 'n groot mate daarvan af of ouers inkoop in die skool se visie en of ouers bereid is om betrokke te raak. Daarom wil ek baie dankie sê aan elke ouer wat bereid was om op 'n komitee te dien en/of wat bereid was om tyd en energie te gee tot voordeel van die leerders. Ons is ook dankbaar teenoor elke personeellid wat vanjaar baie van hul persoonlike tyd opgeoffer het om leerders te onderrig, af te rig of sommer net te bemoedig. 'n Nuwe jaar sal nuwe uitdagings bring, maar ek vertrou dat besluite wat gedurende hierdie jaar geneem is, op 'n positiewe wyse volgende jaar geïmplementeer sal word. Ek wens vir almal 'n geseënde Kerstyd saam met familie en vriende toe.

Saam met vandag se Mikrofokus ontvang u 'n brief van ons beheerliggaam se voorsitter, Dr. Lou Hofmeyr. Maak asseblief seker u lees dit. Ons bedank ook vir Lou vir sy rol as beheerliggaamvoorsitter. Dit is dikwels nie 'n maklike taak nie.

Klasindelings vir 'n nuwe jaar word met groot omsigtigheid en met inagneming van verskeie faktore gedoen. Leerders sal op Maandag, 9 Desember 2024 ingelig word in wie se registerklas hulle in 2025 sal wees.

Mnr. Andries Olivier het hierdie jaar weer as aflosonderwyser by graad 5.4 ingestaan. Ons bedank hom vir sy lojale diens aan Laerskool Mikro en dat hy vir ons almal 'n voorbeeld op vele terreine is. Juf. Shariska Nel (4.4) sal gedurende die eerste kwartaal van 2025 met kraamverlof wees. Juf. Elmerie Ferreira (tans finalejaarstudent), wat reeds bekend is met ons skool se werkswyse, sal in haar plek aflos. Ons wens vir beide sterkte toe. Ons bedank die volgende klasassistente wat vanjaar klaar maak by Mikro: Clarissa de Waal, Tarynne Cloete en Chanté Kotze. Baie dankie vir die wyse waarop julle ondersteuning aan die onderwysers en leerders gebied het. Ons wens vir julle alle voorspoed toe.

Die Graad 7's wat ons skool verlaat gaan na 27 verskillende hoërskole toe. Dit is hoe wyd Mikro se naam uitgedra kan word. Ons glo en vertrou hulle sal die waardes wat hulle by Mikro geleer het, nie net in hul eie lewens uitleef nie, maar dit ook oordra aan die nuwe vriende wat gemaak sal word. Ons wens vir elkeen God se seën op hul lewenspad toe.

Mnr. André Schlemmert (Terreinbestuurder) het 'n enkeloperasie ondergaan en sal tot die einde van die jaar op siekverlof wees. Ons wens vir hom 'n spoedige herstel toe. Ons wil ons gelukwensing aan Juf. Kara Jordaan (R.4) oordra met haar verlowing. Sy het op 22 November 2024 aan Tiaan Gouws verloof geraak. Ons wens vir hulle alles van die mooiste toe.

Voorspoed met die week!

# 2 KOS@MIKRO - 2025

KOS@MIKRO

KOS@MIKRO het die afgelope jare verskeie bydraes gemaak t.o.v. van die bevordering van talle skoolbedrywighede.

Ons wil graag hierdie suksesvolle aksie voortsit en in die proses ook ouerbetrokkenheid bevorder. Ons het egter elke ouer se hulp nodig en het besluit om spesifieke grade en sportspanne aan `n spesifieke sportdag te koppel. Raak asb. deel van die Mikro-familie en bied u hulp aan!

***"SPANWERK VERDEEL DIE WERK EN VERDUBBEL DIE SUKSES"***
*ANONIEM*

| DATUM | SPORTDAG | GRADE / SPORTSPANNE VERANTWOORDELIK VIR VERKOPE |
|---|---|---|
| **KWARTAAL 1** | | |
| Saterdag, 25 Januarie 2025 | INTERHUIS ATLETIEK | GRAAD R |
| Saterdag, 8 Februarie 2025 | WP SACSSA - SA CHRISTIAN SCHOOLS & HOMESCHOOLERS | MK50 |
| **KWARTAAL 2** | | |
| Saterdag, 10 Mei 2025 | VREDENBURG SPORTDAG | GRAAD 2 |
| Saterdag, 24 Mei 2025 | JAN VAN RIEBEECK SPORTDAG | GRAAD 5 |
| Saterdag, 26 Julie 2025 | O.7 TOT O.13 HOKKIEDAG | GRAAD 6 |
| **KWARTAAL 3** | | |
| Saterdag, 2 Augustus 2025 | BEAUMONT SPORTDAG | GRAAD 4 |
| Saterdag, 6 September 2025 | 7'S RUGBY & NETBAL | GRAAD 7 |
| **KWARTAAL 4** | | |
| Saterdag, 8 November 2025 | KFC MINI-KRIEKET | GRAAD 1 & 3 |

Indien u belangstel om betrokke te raak by Kos@Mikro, stuur gerus 'n e-pos aan dtaljaard@laerskoolmikro.co.za.

## 3 SKRYFBEHOEFTEPAKKETTE VIR 2025

Op 9 & 10 Desember 2024 en 13 & 14 Januarie 2025 sal Ribbens Office National vanaf 16:00 tot 19:00 in die voorportaal by Mikro wees sodat u u kind(ers) se skryfbehoeftes vir 2025 kan koop of bestel. U betaal direk aan Ribbens sodra u die pakket ontvang – kaartfasiliteite is beskikbaar. (Skakel Lindi by Ribbens vir enige navrae by 021-980 9200.) U kan ook direk op Ribbens se webtuiste bestel. Skryfbehoeftepakkette vir 2025 is op d6 beskikbaar.




GRAAD 2 | GRAAD 3 | GRAAD 4 | GRAAD 5 | GRAAD 6 | GRAAD 7

## 4 OUERS WAT VERHUIS/LEERDERS WAT 'N ANDER SKOOL GAAN BYWOON: WKOD – OORPLASINGSVEREISTES

Gr. R– tot gr.6-leerders, wat volgende jaar 'n ander skool gaan bywoon, se ouers moet asseblief die klasopvoeder en/of skoolsekretaresse (info@laerskoolmikro.co.za) BETYDS en SKRIFTELIK IN KENNIS STEL, sodat ons 'n WKOD-oorplasingsvorm gereed kan kry. Die oorplasingsvorm moet deur die ouers self afgehaal word.

Alle gr. 7-leerders kry outomaties 'n oorplasingsvorm saam met hul rapport en u hoef dit dus nie aan te vra nie. Ouers wat die skool reeds in kennis gestel het, hoef nie weer te reageer nie. Pas hierdie vorm baie goed op, aangesien u kind by geen skool sonder hierdie dokument aanvaar sal word nie. GEEN duplikate kan uitgereik word nie.

## 5 AFHANDELING VAN BUITEMUURS

**Kuns**: Ekstra-kunsklasse eindig op Dinsdag, 3 Desember 2024.

# 6 2025 DATUMS

| Kwartaal | 2025 SKOOLKALENDER | |
|---|---|---|
| | Open | Sluit |
| Kwartaal 1 | 13 Januarie 2025 (vir personeel)<br>15 Januarie 2025 (vir leerders) | 28 Maart 2025 |
| Kwartaal 2 | 8 April 2025 | 27 Junie 2025 |
| Kwartaal 3 | 22 Julie 2025 | 3 Oktober 2025 |
| Kwartaal 4 | 13 Oktober 2025 | 10 Desember 2025 (vir leerders)<br>12 Desember 2025 (vir personeel) |

| 2025 OPENBARE VAKANSIEDAE | |
|---|---|
| 1 Januarie 2025 | Nuwejaarsdag |
| 21 Maart 2025 | Menseregtedag |
| 18 April 2025 | Goeie Vrydag |
| 21 April 2025 | Gesinsdag |
| 27 April 2025 | Vryheidsdag |
| 28 April 2025 | Openbare vakansiedag |
| 29 April 2025 | Skoolvakansiedag |
| 30 April 2025 | Skoolvakansiedag |
| 1 Mei 2025 | Werkersdag |
| 2 Mei 2025 | Skoolvakansiedag |
| 16 Junie 2025 | Jeugdag |
| 9 Augustus 2025 | Nasionale Vrouedag |
| 24 September 2025 | Erfenisdag |
| 16 Desember 2025 | Versoeningsdag |
| 25 Desember 2025 | Kersdag |
| 26 Desember 2025 | Welwillendheidsdag |

## 7 FINANSIËLE KANTOOR

### SKOOLFONDS 2025

Dit beloop R1,940-00 per leerder per maand en dit word oor 11 maande (Feb – Des) betaal en impliseer dus 'n bedrag van R21,340-00 per jaar. 5% Korting sal aan ouers wat die volle skoolfondsbedrag, voor/op 31 Januarie 2025 vereffen, toegestaan word.

### EKSTRA-KUNSTARIEWE 2025:

- R220-00 per maand X 11 maande = R2420-00

### MUSIEKTARIEWE 2025:

- Klavier & Klawerbord: R380-00 X 11 maande = R4180-00
- Blokfluit & Kitaar: R260-00 X 11 maande = R2860-00
- Solosang: R380-00 X 11 maande = R4180-00
- Saxofoon: R380-00 X 11 maande = R4180-00

### NASORG 2025:

- R1680-00 per maand x 11 maande = R18,480-00 vanaf 1 Januarie – 1 November 2025

**LET WEL! Nasorgfooie is STRENG VOORUITBETAALBAAR en moet voor/op 3de dag van die maand in die skool se bankrekening reflekteer.**

## 8 MUSIEKPRET-AAND

Vir meer inligting, kontak vir Thea Visser by tvisser@laerskoolmikro.co.za



# WEEK 10-GEBEURE

## 2 - 8 DESEMBER 2024

### MAANDAG

EKSTRA KUNSAFSLUITING: GR. 5-7

### DINSDAG

EKSTRA KUNSAFSLUITING: GR. 3-4

KOORAFSLUITING

### WOENSDAG

### DONDERDAG

INTERHUISWENNERS

TENNISTOER

O.13-KRIEKETTOER

### VRYDAG

GRAAD 7-AFSLUITING

O.13-KRIEKETTOER

TENNISTOER

### SATERDAG

O.13-KRIEKETTOER

TENNISTOER

# KALENDER : DESEMBER 2024

| MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG | SONDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 1 |
| 2<br>Ekstra kunsafsluiting: Gr. 5-7 | 3<br>Ekstra kunsafsluiting: Gr. 3-4<br>Koorafsluiting | 4 | 5<br>INTERHUISWENNERS<br>Tennistoer | 6<br>Graad 7-afsluiting @18:30<br>o.13-Kriekettoer<br>Tennistoer<br>Verjaarsdag: Juffrou Anita | 7<br>o.13-Kriekettoer<br>Tennistoer | 8 |
| 9<br>Tennistoer<br>Ribbens pakkette @16:00 - 19:00 | 10<br>**GRAAD 7-UITSTAPDAG**<br>Tennistoer<br>Ribbens pakkette @16:00 - 19:00 | 11<br>**SKOOL SLUIT**<br>Tennistoer<br>  | 12 | 13 | 14 | 15 |
| 16 | 17 | 18<br>Verjaarsdag: Juffrou Melissa | 19<br>Verjaarsdag: Juffrou Ruquayah | 20 | 21 | 22 |
| 23<br>Verjaarsdag: Tannie Dianne | 24 | 25 | 26 | 27 | 28<br>Verjaarsdag: Oom Kobus | 29<br>Verjaarsdag: Meneer André Schlemmert |
| 30 | 31<br>Verjaarsdag: Tannie Liza | | | | | |

***DATUMS IS ONDERHEWIG AAN VERANDERINGE/KANSELLASIES.**

BLOU: Datums bygekom

Rooi: Datums het verander

# KALENDER : JANUARIE 2025

| MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG | SONDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 |
| 13<br>Ribbens pakkette @16:00 - 19:00 | 14<br>**ONTVANGS VAN 2025 SE GRAAD 1-LEERDERS EN OUERS**<br>Ribbens pakkette @16:00 - 19:00 | 15<br>**SKOOL HEROPEN**<br>Graad R & 1 - Eerste dag foto's<br>Graad 1-Inligtingsaand @19:00 | 16<br>Kos@Mikro verg @18:00<br>Graad R-Inligtingsaand @19:00 | 17<br>Verjaarsdag: Tannie Mary-Ann | 18 | 19 |
| 20<br>Graad 2-Inligtingsaand @19:00 | 21<br>Graad 4-Inligtingsaand @19:00 | 22<br>**NETHEIDSKONTROLE**<br>Graad 7-Inligtingsaand en braai @18:00 | 23<br>Graad 3-Inligtingsaand @19:00 | 24<br>**INTERHUISATLETIEK: BIG BRAG** | 25<br>**INTERHUISATLETIEK: BAAN- EN VELDITEMS** | 26 |
| 27<br>Graad 5-Inligtingsaand @19:00 | 28<br>Graad 6-Inligtingsaand @19:00<br>Verjaarsdag: Tannie Leana Sutherland | 29<br>English Home Language Information evening @19:00 | 30<br>Nasorg-Inligtingsaand @18:30 | 31<br>**MK50 GESINSDAG**<br> | | |

***DATUMS IS ONDERHEWIG AAN VERANDERINGE/KANSELLASIES.**

**BLOU: Datums bygekom** **Rooi: Datums het verander**

# KALENDER : FEBRUARIE 2025

| MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG | SONDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 1<br>Graad 4-studiekursus @09:00 - 14:00 | 2 |
| 3<br>OOV-verg @18:00 | 4<br>Atletiek (W): Somerset-Wes | 5 | 6<br>**PRESTIGE ALTETIEK** | 7<br>**SENIORKOOR KAMP @14:15 - 19:00** | 8<br>Atletiek (T): WP Sacssa Jannie Nel Privaatskole | 9 |
| 10<br>Atletiek: MEED | 11 | 12<br>**NETHEIDSKONTROLE**<br>o.7-9 Atletiek (W): Kenridge<br>Verjaarsdag: Juffrou Estie | 13<br>**GRAAD R-OPEDAG**<br> | 14<br>**CIVVIEDAG**<br>Atletiek: Distrik<br>o.7-9 AB Mini-Krieketdag (W): Hugo Rust<br>Verjaarsdag: Tannie Elma | 15 | 16 |
| 17<br>Verjaarsdag: Juffrou Annarie en tannie Lucea | 18<br>Atletiek (W): Aristea | 19 | 20 | 21 | 22<br>o.7-9 AB Mini-Krieket (W): Van Riebeeckstrand | 23 |
| 24 | 25<br>**KOSMOS**<br>Verjaarsdag: Juffrou Dalene | 26<br>o.6-o.9 Atletiek (W): Beaumont | 27<br>Atletiek (W): WP-Kampioenskappe | 28<br>**MUSIEKPRET**<br> | | |

***DATUMS IS ONDERHEWIG AAN VERANDERINGE/KANSELLASIES.**

**BLOU: Datums bygekom** **Rooi: Datums het verander**

# ADVERTENSIES

**DIE KUNSKLAS BENODIG KOERANTPAPIER.**
**STUUR ASB. U OU KOERANTE VIR ONS.**

## OWO-KLERELAS

Die OWO-klerekas sal op die volgende datums beskikbaar wees vir die aankoop van tweedehandse skoolklere.

**3 DESEMBER 2024**
**17:00 - 18:30**

Skenkings kan ook op hierdie datums afgegee word.

Gebruik asb die ingang by Diedrikkiestraat.

owo@laerskoolmikro.co.za

**KONTAK VIR JO-ANN LOUW BY 079 900 5205 VIR MEER INLIGTING.**

MIKRO
WERK EN SKEP

## AFRIGTERS VIR 2025 BENODIG

INDIEN JY BELANGSTEL, STUUR 'N E-POS AAN
SPORT@LAERSKOOLMIKRO.CO.ZA

# ADVERTENSIES

MIKRO KLUB VYFTIG

Hiermee die skakel na die aanlyn vorm : https://forms.gle/niS8hsm78EDpaqod7

## WERKSGELEENTHEDE

MK50 het twee posisies beskikbaar

### SNOEPIE BESTUURDER

- Permanente betrekking
- Die persoon sal verantwoordelik wees vir die algehele bestuur, beplanning en daaglikse bedrywighede van die skool se snoepie.
- Die persoon moet bereid wees om beskikbaar te wees vir sportfunksies en ander MK50 funksies gedurende die jaar.
- Markverwante salaris

### SNOEPIE HULP

- Verskeie skofte beskikbaar tussen 07:00 en 17:00.
- Maandae tot Vrydae, Saterdae slegs wanneer daar aktiwiteite plaasvind.
- Betaling per skof.
- Ideaal vir mammas wat ekstra tyd op hul hande het.
- Markverwante salaris

Vir meer inligting vul asb. die aanlyn vorm in



# ADVERTENSIES






# ADVERTENSIES












# Versoeningsdag
# Erediens

**MAANDAG 16 DESEMBER OM 09:00**

Gelei deur Ds Jannie du Plessis



Suidkerk
NG Kerk Kuilsrivier-Suid
021 903 3095
bestuur@suidkerk.org.za
21 Denne str,
Kuilsrivier

# Familie Kers
# Sangdiens

**SONDAG 8 DESEMBER OM 09:00**

Kom vier die Vreugde van die Kersfees tyd

Ons nooi families en vriende
na ons baie spesiale erediens

Kinders is deel van die erediens!



Suidkerk
NG Kerk Kuilsrivier-Suid
021 903 3095
bestuur@suidkerk.org.za
21 Denne str,
Kuilsrivier

# BAIE DANKIE AAN AL ONS BORGE

TOYOTA
LEAD THE WAY
NMI TOYOTA KUILSRIVIER

HINO KUILSRIVIER

coolideas
INTERNET SERVICE PROVIDER

VUMA

KING CARS .CO.ZA

JOWA'S
EST. 2021

HMC BUILDING PTY Ltd

AMPLEC

Truck Trailer & Tractor Services

Lucinda Real Estate
0824157992
We offer:
• FREE valuations
• Buying and selling of properties

J. O HOME MAINTENANCE

PROKUREURS • AMAGQWETHA • ATTORNEYS
L&S
LAÄS & SCHOLTZ

BH AIR BRAKES

HHWASTE

excoprint
label manufacturers
Where time is important

HICKMAN'S KUILSRIVIER

Motor Corp Sa

INTELLIGENT POWER SOLUTIONS
Consulting Engineers • Alternative Energy Solutions
Electrical Construction

HAYESTAD MOTORS

POWER PARTNERS CONSULTING

BULLYS REPS MMA

DIE PALE DEPOT
VERSKAFFERS VAN PALE EN RIET

your PREFERRED AGENT
SCHONNE BRUWER
082 445 1372
schonne.bruwer@harcourts.co.za
harcourtsdunn.co.za
Harcourts Dunn

TP
INNOVATIVE QUALITY PRODUCTS

BURGESS ATTORNEYS
Attorneys & Conveyancers

IES INDEPENDENT ELECTRICAL SUPPLIER
easy to do business with

JJE AUTOMECHANICAL & HYDRAULIC SOLUTIONS

WINGFIELD MOTORS

Zevenwacht
ANNO 1800

Computer Mania_

# ADVERTEER IN ONS MIKROFOKUS

- Die Mikrofokus word weekliks op D6 geplaas. Ons ouers ontvang dit ook weekliks per WhatsApp.
- ‘n Kopie van die Mikrofokus word ook op die skool se webwerf geplaas en die skakel word op ons Facebook (/LSMikro) se blad gedeel. Daar is tans 3900 volgelinge.
- Bespreek spasie vir die uitgawe voor of op Woensdae om 12:00 by info@laerskoolmikro.co.za – alle grafika (in PNG of JPEG-formaat) moet ons teen die Donderdag om 12:00 bereik.

## PRYSE

**Per uitgawe:**

- A6 (10.5 x 14.8 cm) - R250
- A5 (14.8 x 21.0 cm) - R350
- A4 (21.0 x 29.7 cm) - R500

**Indien meer as een uitgawe:**

- A6 (10.5 x 14.8 cm) - R250 + R225 + R200
- A5 (14.8 x 21.0 cm) - R350 + R315 + R300
- A4 (21.0 x 29.7 cm) - R500 + R450 + R405

MIKRO
WERK EN SKEP